Skriflesing: 1 Timotheus 6: 11 – 21
Teks: **1 Timotheus 6: 12b**
Sing: VOORAF SANG – Ps. 18:1, 5
TYDENS EREDIENS - Ps. 68:1,2; Ps. 2:1,6; Ps. 40:6; Sb. 7-1 (31): 1, 2
1 Timotheus 6: 11 – 21

1Ti 6:11 Maar jy, man van God, moet van hierdie dinge af wegvlug. Streef na opregtheid, toewyding aan God, geloof, liefde, volharding, minsaamheid.
1Ti 6:12 In die goeie wedloop van die geloof moet jy al jou kragte inspan en die ewige lewe as prys behaal. Daartoe het God jou geroep en het jy die goeie belydenis voor baie getuies afgelê.
1Ti 6:13 Voor God, wat aan alle dinge die lewe skenk, en voor Christus Jesus, wat teenoor Pontius Pilatus getuienis afgelê het van die goeie belydenis, beveel ek jou:
1Ti 6:14 "Voer jou opdrag stiptelik en onberispelik uit tot op die dag dat ons Here Jesus Christus kom."
1Ti 6:15 Sy verskyning sal op die bestemde tyd plaasvind. Daarvoor sorg God, die goeie en enigste Heerser, die Koning van die konings en die Here van die heersers.
1Ti 6:16 Hy alleen besit onsterflikheid; Hy woon in ontoeganklike lig. Geen mens het Hom gesien of kan Hom sien nie. Aan Hom kom toe eer en ewige mag! Amen.
1Ti 6:17 Dié wat in hierdie wêreld ryk is, moet jy waarsku om nie hooghartig te wees nie. Hulle moet nie hulle hoop op die onsekerheid van rykdom vestig nie, maar op God wat alles ryklik aan ons gee om te geniet.
1Ti 6:18 Spoor hulle aan om goed te doen, om ryk te wees in goeie dade, vrygewig en mededeelsaam.
1Ti 6:19 So vergader hulle vir hulle 'n skat as 'n goeie belegging vir die toekoms, sodat hulle die ware lewe sal verkry.
1Ti 6:20 Timoteus, bewaar wat aan jou toevertrou is. Vermy die onheilige en sinlose praatjies en die redenasies van die "kennis", soos dit verkeerdelik genoem word.
1Ti 6:21 Daar is mense wat daardie "kennis" aanhang en so van die geloof afgedwaal het. Die genade sal by julle wees!

Teks: 2020 Vertaling-

12 Stry die goeie stryd van die geloof; ***gryp die ewige lewe aan, waartoe jy geroep is*** en waarvan jy die goeie belydenis voor baie getuies afgelê het.

Skriflesing: 1 Timotheus 6: 11 – 21
Teks: **1 Timotheus 6: 12b**
Sing: VOORAF SANG – Ps. 18:1, 5
TYDENS EREDIENS - Ps. 68:1,2; Ps. 2:1,6; Ps. 40:6; Sb. 7-1 (31): 1, 2

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, soos ons deur die laaste hoofstuk van die brief gevorder het, is daar drie dinge in die lewe van elke dag wat ons direk raak. Ons dag tot dag werk, verlede Sondag was ons by die hantering van finansies en vandag sluit ons hierdie reeks af met waarvoor lewe ek. Lewe ek vir die lewe van nou of lewe ek vir die lewe wat ons mag noem die *ewige lewe* ... Paulus sê in ons teksverse ... *gryp die ewige lewe aan, waartoe jy geroep is* ... Die 1983 Vertaling stel dit ons moet *al in ons kragte inspan om die ewige lewe as prys te verkry.*

Wanneer ons daartoe opgeroep word en ons is besig met voorbereiding vir Nagmaal om volgende Sondag die Nagmaal van die Here wil vier, dan staan ons vóór elke Nagmaalviering voor ’n ander feit. Ek mag nie Nagmaal vier as daar nie ’n openbare belydenis in my lewe plaasgevind het nie. Ons teksverse wys ook in die rigting dat toe God jou geroep het, het jy die goeie belydenis voor baie getuies afgelê. Ons lewe moet nog elke

dag van hierdie goeie belydenis wil getuig. As my lewe nie getuig van ’n goeie belydenis wat ek daagliks uitleef nie, mag ek nie aan die tafel van die Here gaan aansit nie.

***

As ons vers 11 hier mag vashou dan word Timotheus op grond van sy belydenis aangespreek. Paulus noem hom ... *man van God ... 11 Maar jy, man van God.* Iemand kan alleen op grond van sy/ haar belydenis as MAN van GOD, of VROU van GOD aangespreek word. Is ek werklik ’n *man van God...*is ek werklik *’n vrou van God* as ek volgende Sondag Nagmaal toe kom. Wanneer ons onsself so mag noem as kinders van God wat aan Hom behoort, dan sal ons die goeie stryd van die geloof nie ophou stry nie. In hoofstuk 1 het Paulus vir Timotheus hierop wou wys- 1:18... *Met hierdie woorde in gedagte, moet jy die goeie stryd stry. 19 Hou vas aan die geloof en behou 'n goeie gewete.* Nou eindig Paulus weer sy brief met ’n oproep daar is ’n stryd om te stry, mag dit ’n goeie stryd wees. Tegelyk sal ons die goeie belydenis voor al hoe meer getuies wil aflê.

***

U mag dalk onthou in die begin van hoofstuk 6 was daar ook twee dinge waarbinne ons as gelowiges ons lewens moes afbaken. Die eer van God se Naam en die gesonde leer is dit waartoe ons elke dag geroep word. Of ek werk en of dit waarmee ons verlede Sondag in besonder mee wou handel, rondom die hantering van geldsake moet alles gebeur in die handhawing van die eer van God se Naam en om die gesonde leer nie in gedrang te bring nie. Ons weet teen die tyd alreeds baie goed hoe baie mense is daar wat hulle aan die eer van God se Naam en die gesonde leer nie steur nie. Dit gaan in só baie se lewens om hulle eie eer en om geldgierigheid.

Dit waarteen ons elke dag ook teen onsself moet weerstand bied. As God ons nie in sy genade opneem en daarteen beskerm nie sal ons beslis nie enduit kan doen dit waarmee hoofstuk 6 dan vandag eindig nie. Daarom kom ons die eerste gedagte dan vasmaak-

Moet nie ophou om die goeie stryd te stry nie.

Ons teksverse roep ons op ... *12 Stry die goeie stryd van die geloof...*Die 1983 Vertaling stel dit aan dat ons besig is met ’n *goeie wedloop* van die geloof *waar jy al jou kragte moet inspan.* Die grammatika waarbinne Paulus die woord in die Grieks neergepen het, het ’n tydsaanduiding wat wys hierdie stryd op aarde gaan maar aanhou en aanhou. Dit gaan nie ophou nie. Elke dag gaan van ons ywer en dissipline verg.

As kerk besef ons ons is besig met ’n stryd wat baie gelowiges vóór ons dieselfde stryd moes stry, steeds hou dit nie op nie. Ons stry ’n stryd lank terug deur andere al begin, steeds is ons in dieselfde stryd. In Timotheus se geval was sy ma en sy ouma vir hom as die mense voorgehou wat ook hierdie goeie stryd bly stry het. Ons stry dieselfde stryd waar baie gelowiges vóór ons hulle lewens opgeoffer het. Die woord vir stry, in Grieks is die woord Αγωνίζου (*agonizou*) wat dikwels in militêre konteks gebruik word. Dit wys daar gaan baie kragte en middele gevra word. In hierdie stryd moet ons sterk teenkanting verwag. Dit is kompleet asof ons in ’n voortdurend oorlog verkeer. As dit nie vir oorlog was nie, dan was die militêre nie nodig gewees nie.

So het die woord dan ook twee betekenisvelde, waar of ’n atleet aan ’n wedloop al sy kragte moet inspan, of daar waar ek besef ek sal moet kan weerstand bied, hier is ’n stryd ophande! ’n Angswekkende stryd, skryf van die verklaarders, ’n stryd waar jyself dikwels in die spervuur gaan kom en mense jou sal wil betwis. Die Engels gebruik hier die terme “agonizing and contesting”. Angswekkend en betwistend!

***

Een van die goeie verklaarders noem hierdie laaste deel van 1 Timotheus dit wat die karaktertrekke van ’n man of ’n vrou van God moet wees. Ons kan ook vra wat ons karaktertrekke moet wees, as kinders van God, man en vrou. ’n Man van God weet wat is die dinge waarvan ons moet wegvlug. Vers 11 se begin ... het gewys hoe daar van geldgierigheid weggevlug moet word. Geldgierigheid maak dat mense van die geloof afdwaal en *hulleself met baie smarte deurboor.* ’n Man van God moet kan vlug, wegvlug ... maar dit is nie ’n doellose weghardloop nie.

’n Kind van God weet wat is die dinge wat ons moet najaag ... waarnatoe ons moet vlug *...opregtheid, toewyding aan God, geloof, liefde, volharding, minsaamheid*. Wonderlik sal dit wees as ons volgende Sondag met hierdie karaktertrekke by die tafel van God sal kan kom aansit.

***

Tegelyk sal ’n kind van God ook weet wat is die dinge wat die moeite werd is om voor te stry. Daar moet nie net ’n doellose gestryery wees nie. Hoe dikwels verval mense in ’n doellose gestry, dinge wat juis nie die moeite werd is om geestelik voor oorlog te maak nie, daaroor stry hulle en maak dikwels mekaar se lewens bitter onaangenaam. Hierdie doellose

gestry maak dat sulke mense eintlik nie uitkom by wat is dié dinge wat dan ons eintlike stryd moet wees nie. Laat ons dan in die tweede plek uitmaak ....

<u>Wat is die dinge waarvoor ek bereid moet wees om te stry...?</u>

Jy is geroep om ’n goeie belydenis voor baie getuies af te lê. Hier staan groot dinge dat jy werklik jou roeping sal besef en dat ek en jy met ’n goeie belydenis na vore sal kom. Hierdie belydenis moet voor baie getuies kan dien.

God se roeping staan altyd voor alles. Ons roeping is geen ligtelike saak nie. As vers 12 dit stel ... *gryp die ewige lewe aan, waartoe jy geroep is.* Dan rus daar op jou en my ’n sware verantwoordelikheid. God se roeping gaan na alle mense uit. God roep almal en dan kom die groter geheim na vore. Dit wat die geloof is. God se roeping bring jou by geloof uit. Geloof wat maak dat jy gered kan word.

Nie omdat ons so goed en oulik is nie, ons is dit nie, maar God gee die geloof aan hulle wat God uitverkies het. God laat mense wat Hy gekies het in Hom glo. Dit is nie ek en jy wat vir God gekies het nie, maar God het gekies wie sy kinders sal wees. Dit is nie ek wat besluit het om te glo nie, maar die wonderlike van God se roeping is, dat dit werk die geloof in jou hart. Dit roep tot redding, tot oorgawe, tot bediening. Roeping is dit waarvoor ek bereid moet wees ’n harde stryd te moet bly stry.

In vers 13 skryf Paulus iets merkwaardig wat ons moet aangryp... *13 Voor God, wat aan alle dinge die lewe skenk, en voor Christus Jesus, wat teenoor Pontius Pilatus getuienis afgelê het van die goeie belydenis, beveel ek jou ...* Daar is nie lewe op aarde wat God nie die lewe aan daardie LEWE gegee het nie. ’n Gedagte wat ons moeilik ons verstand daarrondom kan sit, om te dink GOD GEE AAN ALLES LEWE, maar jou lewe is nie ewig as God dit nie ewig maak nie. Wanneer ’n dier doodgaan dan is dit dood. Die lewe by ’n dier kom ook van God af, maar wanneer die dier doodgaan dan is dit DOOD.

As God nie die mens anders gemaak het nie, dan het ons maar dieselfde dood as ’n dier gedood. Daarom besef ons ook vandag by hierdie voorbereidingsdiens, dat my lewe hier op aarde is eintlik ’n groot voorbereiding, of om die ewige lewe te mag lewe, of aan hulle wat nie aan God behoort nie, is die tweede dood die grootste rolspeler. Om vir ewig die ewige dood in te gaan, wat dui ’n op ’n ewige lewe weg van God af, wat dikwels genoem word die hel wat mense na hierdie lewe sal moet ingaan. Daar waar ons nie wil wees nie, want God is

nie daar nie. Die hel is hel omdat God nie daar is nie! Christus het dit moes deurgaan aan die kruis, toe hy uitgeroep het, *my God, my God waarom het U my verlaat!* Christus het deur hierdie hel moes gaan, ons bely dit Sondag na Sondag, dat Hy ter helle neergedaal het, of soos dit ook verstaan word, *Hy het die angste van die hel tot in die dood toe ondergaan.*

Watter genade dat Christus Homself leeggemaak het, ontledig het, lees ons in Filippense 2: 6-10. Die hel was die grootste vernedering maar sy vernedering begin vanaf die dag toe Hy 'n fetus moes geword het ... Ons noem dit ook die *kenosis-leer...* Dit is so 'n groot deel van die goeie belydenis waarvoor ons moet bly stry ... Alles gaan om Christus- Ons lees die 2020 Vertaling ... *6 Hoewel Hy in die gestalte van God was, het Hy gelykheid aan God nie beskou as iets om aan vas te klem nie, 7 maar Hy het Homself daarvan leeggemaak, deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word. En toe Hy in die vorm van 'n mens verskyn het, 8 het Hy Homself verneder, deurdat Hy gehoorsaam geword het tot die dood toe, ja, die dood aan die kruis. 9 Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en aan Hom die Naam geskenk wat bo elke naam is, 10 sodat in die Naam van Jesus elke knie sal buig – van diegene in die hemel en op die aarde en onder die aarde – 11 en elke tong sal bely, "Jesus Christus is die Here!" tot eer van God die Vader.*

Die KENOSIS-leer, afgelei van 'n Griekse woord, wat te doen het met leegmaak, ontledig. Vir hierdie leer moet ons kan opstaan en stry. 'n Groot deel van ons stryd op aarde is om aan Christus die eer te gee wat Hom alleen toekom. Sy Naam staan bó elke naam, elke knie moet voor Hom buig, elke tong moet bely, *Jesus Christus is die Here.* As Paulus vir Timotheus ook roep tot die goeie belydenis wat Hy voor baie getuies moet kan aflê dan stel Paulus Jesus ook aan ons bekend as Een wat as mens bely het. Jesus het 'n goeie belydenis voor Pontius Pilatus gelewer. En dan stem baie van die dinge wat vir Timotheus oor Jesus gesê word ooreen met wat ons so pas ook in Filippense gelees het. Ons lees die 2020 Vert- *Hy, die lofwaardige en enigste Heerser, die Koning van die konings en Here van die heersers,*
16 Hy wat alleen onsterflikheid besit, ontoeganklike lig bewoon, en vir wie geen mens ken of kan sien nie –aan Hom kom die eer en ewige krag toe.

Geliefdes as ons al hierdie groot dinge oor Christus hoor, dit waarvoor ek bereid moet wees om te stry, dan is ons laaste gedagte dan juis ook ...

<u>Waarna mag ek regtig in my lewe na uitsien ...</u>

Ons mag die ewige lewe nou alreeds begin vasgryp. Ons gryp hierdie lewe vas juis deur hierdie besondere belydenisse wat ons oor Christus kon uitspreek, om hierdie belydenis ook uit te leef. Elke dag wat ek lewend mag ingaan tot eer van Hom wat aan alles die lewe gee is ’n voorreg groter as wat woorde of enige van ons gedagtes kan bevat. So ’n lewe mag ek leef. Watter eer en voorreg kom ons as kinders van God toe. Om ook volgende Sondag weer aan die tafel van die Here te mag aansit. Alleen deur Christus kan dit gebeur.

Deur Hom leer ons Wie God is. Hy maak God aan ons bekend. Kan daar ’n groter voorreg in hierdie lewe wees, iets mooier en groter as om God elke dag beter te wil leer ken. Om dag na dag daarna uit te sien en my te verwonder oor die grote God se grote werkinge in die skepping, in die heelal, maar ook in jou en my lewe hier op aarde. So kan ek elke dag die ewige lewe al hoe vaster hou. Ons wil dit nie los nie. Iets in ons lewens moet ons by die kindertjies wil leer. Glo soos ’n kind, wees in jou lewe, iets van daardie kind wat nie bereid is om die rokspante van sy ma te los nie. U het al daardie kinders gesien wat so aan hulle ma kan vasklou. In die geloof moet so ’n kind tot jou spreek. In jou en my voorbereiding vir Nagmaal moet iets van daardie kind in jou en my wees. Hou al stywer aan God se beloftes vas. Gryp die ewige lewe styf vas soos Timotheus geleer is.

Ons toets en voorbereiding by hierdie Nagmaal vra ook weer aan jou en my. Wat is die dinge wat ek in my lewe nou hard voor stry, wat is die dinge wat die meeste van my tyd in beslag neem. Dinge wat ek doen met die oog op die ewige lewe of is ek maar eintlik net besig met die dinge wat tydelike heil en blydskap op aarde gee. Let wel dit is maar tydelike dinge. Leef ek werklik die belydenis van Christus uit, tot waar Jesus voor Pontius Pilatus gestaan het, toe het Hy steeds die goeie belydenis voor baie getuies afgelê.

As ek dan bely dat my sonde vergewe is, leef dan soos een wie se sonde vergewe is. As jy bely dat Jesus jou Verlosser is, lewe so! Mag dit by Nagmaal ook jou en my getuienis en belydenis wees. As ek bely dat Hy waarlik Koning is, lewe met Hom as Koning oor elke deel van jou lewe. Hy is die Koning van my werk. Hy is die Koning in wat ons finansieel mee besig is. As die Here vir jou baie gee, geld of gawes, laat ons dit tot sy eer gebruik. As die Here vir jou baie gee, is dit sodat jy ook baie kan doen. Met ’n oop hart en hand wil ons ook ander laat deel in wat God my gee. Op die wyse gryp ons nou reeds die ewige lewe vas.

Hou styf vas aan God se Woord. Dit geld in besonder vir die dominee in Efese, Timotheus vir wie Paulus hier in besonder sy eerste brief mee afsluit. Alle predikante vandag se belangrikste en grootste werk moet wees om aan die waarheid van die Woord vas te hou en hierdie waarheid te verkondig. Allerlei stories en vermaak en grappies pas nie by wat vanaf die kansel gehoor moet word nie. Hier moet ons met die Woord bedien word, as ons van hier gaan moet daar aan die Woord styf vasgehou word. Daarom is dit vir elke gelowige prioriteit om die Woord te ken, in die eredienste te wees en om alles aan die Woord te meet.

Hoe groot is gelowige ouers se opvoedingstaak aan hulle kinders. Weereens iets so groot om na uit te sien dat ek my doopbelofte vóór God wil nakom. Tegelyk besef ons ons kan nie ons kinders leer om die ewige lewe vas te gryp as ons dit self nie doen nie.

Wat ons hierdie reeks mee kan afsluit en volgende Sondag se Nagmaal mee tegemoet kan gaan, is om dit by jouself uit te maak dat ek alles wat ek doen, moet doen in die lig van die ewige lewe. Ons lewe soos mense wat werklik aan die Here wil behoort. Ons weet ook ná ons die hemelvaart so paar dae terug kon vier, die Here gaan weer kom. Hoe ’n groot saak is die wederkoms om na uit te sien.

Tog as ons diep in ons harte onsself hieroor ondervra, dan sal baie van ons dalk nie wil hê dat die Here onmiddellik nou weer na die aarde as Mens moet kom nie. Waar Hy as Regter sal oordeel. Vir die gelowige is dit nie nodig om sy terugkoms te vrees nie. Ons het nie verniet op hierdie aarde ’n harde stryd moes stry nie. As die Here weer kom is ons stryd verby. Hoe heerlik sal die heerlikheid dan wees om in die ewige heerlikheid opgeneem te word.

Mag die Heilige Gees dan vandag hierdie drie dinge aan u skenk. Dat ek nie sal ophou om die goeie stryd te stry en die goeie belydenis uit te leef nie. In die tweede plek dat ek sal kan onderskei watter dinge is werklik dié dinge waarvoor gestry moet word en nie in allerlei onnodige gestry en ligsinnigheid en geharwar verval nie. In die derde plek, waarna ek regtig in hierdie lewe na mag uitsien. Mag hierdie reeks wat ons uit Timotheus mee kon volhard in diens staan van Hom in Wie se Naam ons ook nou hierdie reeks kan afsluit en in Wie se Naam ons ook Sondag mag Nagmaal vier. Mag ons werklik in alles besig wees met die dinge met die oog op die ewige lewe. Mag ons nie vasval in dinge op aarde wat regtig nie tot eer van God, in diens van sy kerk en tot opbou van mekaar is nie. As u hierin vasgeval het, mag God u daarúít verlos, gouer as gou. Mag die Here harte gee wat omsien na mekaar en wat

uitsien na die laaste dag op hierdie aarde, waar Christus Here sal wees, oor alles en almal en almal Hom sal ken en dien, soos Hy gedien en geken moet word.

AMEN